higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

DATABESTUUR: BOERDERY N5

(4090465)

8 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

192Q1B2008

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
DATABESTUUR: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

BLAAI DIE BLADSY OM VIR DIE INSTRUKSIES.
JY KRY 25 MINUTE OM DIE INSTRUKSIES DEUR TE LEES.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES AAN OPSIENERS EN KANDIDATE

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy probeer om die vraestel te beantwoord. Die opsieners sal enigiets wat onduidelik is, verduidelik, indien nodig.

1. Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A	:	Teorie	100 punte
AFDELING B	:	Woordverwerking/teksmanipulasie en sigblad ('spreadsheet') en databasis	100 punte

AFDELING A moet in die ANTWOORDBOEK beantwoord word. Die ANTWOORDBOEK moet bo-op al die drukstukke in die geel vouer ingesit word.

AFDELING B moet met behulp van woordverwerking, sigblaaie en 'n databasisprogram op 'n rekenaar beantwoord word. Op elke drukstuk moet sowel die EKSAMENNOMMER as die VRAAGNOMMER as kopreël of as voetreël (volgens die instruksie) ingevoeg word. Handgeskrewe eksamennommers en vraagnommers is NIE aanvaarbaar nie.

Die drukstukke moet in die korrekte volgorde in die vouer ingesit word. Die kandidate wat van aaneenlopende papier gebruik maak, moet die bladsye van mekaar af skeur voordat hulle dit indien.

2. Die tyd wat vir die vraestel toegeken is, is DRIE uur.

3. Geen bykomende druktyd word toegelaat nie.

4. Ingeval daar 'n kragonderbreking is of 'n rekenaar of drukker onklaar raak, moet die opsiener die nodige reëlings tref sodat die kandidate kan voortgaan, en die werklike tyd wat verlore gegaan het, moet by hul tyd bygevoeg word.

5. As sekere drukkers probleme ondervind, soos dat dit nie 'n 'ë' kan druk nie, moet die opsiener 'n verslag daaroor saam met die antwoordblaaie van jou sentrum insluit.

6. 'n Kandidaat mag 'n tikliniaal, woordeboek en lys ASCII-kodes in die lokaal inbring. 'n Speltoetser mag gebruik word.

7. Elke antwoord moet op 'n aparte bladsy en slegs op een kant van die bladsy gedruk word. Drukstukke moet onmiddellik in die eksamenvouers ingesit word.

8. Antwoordblaaie mag nie saamgekram word nie. Daar word punte afgetrek indien daar aan albei kante van die papier gedruk word en ANTWOORDBLAAIE saamgekram is.

Kopiereg voorbehou

9. Alle drukstukke wat die kandidate nagesien wil hê, moet aan die einde van die eksamensessie in die eksamenvouer ingesit word, en alle ander drukstukke, tesame met die eksamenvouer, moet by die opsiener ingelewer word. Geen drukstukke hoegenaamd mag uit die eksamenlokaal verwyder of in snippermandjies weggegooi word nie. Die drukstukke wat nie vir nasien-werk ingedien is nie, moet aan die einde van elke sessie deur die opsiener ingesamel word en aan die einde van die dag vernietig word. Slegs EEN drukstuk per vraag of onderafdeling van 'n vraag mag ingedien word.

10. Drukstukke wat nagesien moet word, moet in dieselfde volgorde gerangskik word as dié van die vrae in die vraestel. Daar sal punte afgetrek word indien antwoordblaaie nie in nommervolgorde gerangskik is nie.

11. Drukstukke mag op A4-papier of op aaneenlopende rekenaarpapier gedoen word, tensy 'n gespesifiseerde grootte papier in 'n vraag verlang word of 'n briefhoof verskaf word.

12. Alle werk op die rekenaar moet gereeld gestoor word om verlies van werk ingeval van 'n kragonderbreking te verhoed. GEEN bykomende tyd MAG vir sodanige verlore werk toegelaat word nie. Dit is die kandidate se verantwoordelikheid om hul antwoord teen uitwissing te beskerm.

13. Om die oorspronklike sowel as die geredigeerde pogings van die antwoorde te kan druk, word die kandidate daaraan herinner dat hulle hul werk ná elke aparte afdeling moet stoor voordat die werk gedruk word.

14. Elke kandidaat moet die drukstukke van die antwoorde asook 'n disket met die gestoorde antwoorde (wat behoorlik met die kandidaat se eksamennommer op die dekblad daarvan gemerk is) aan die einde van die eksamensessie indien. Hierdie diskette moet deur die opsiener vir veilige bewaring vir een jaar by die eksamenafdeling ingedien word indien navrae deur die eksaminator/modereerder of eksamensuperintendente gerig word. As daar geen diskette is waarop die antwoorde gestoor kan word nie, moet die kandidate vouers skep op die rekenaar waarop hulle werk en al hul werk in daardie vouer, wat hul eksamennommer as naam het, stoor. Die opsiener sal dan die vouers op 'n USB-flitsgeheue stoor en die USB-flitsgeheue vir veilige bewaring (een jaar lank) by die eksamenkantoor indien.

15. Neem kennis daarvan dat geen papiere by die eksamenlokaal uitgeneem mag word nie, en dit sluit vraestelle in. Alle vraestelle moet ingedien word. Vraestelle mag aan die einde van die laaste sessie aan die kandidate gegee word.

16. Ingeval 'n eksamenvraestel in meer as een eksamensessie geskryf word, moet die opsieners seker maak dat alle antwoorde van kandidate van die hardeskywe of netwerk uitgewis is voordat kandidate vir die volgende sessie in die lokaal toegelaat word.

17. Geen kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk, sy/haar disket/stoortoestel aan 'n ander kandidaat beskikbaar stel of toegang tot 'n ander kandidaat se werk op die netwerk verkry nie. Enige poging om inligting van 'n ander kandidaat te verkry of aan hom/haar oor te dra, op watter manier ook al, is skuldig aan die oortreding van die eksamenreëls, en dit sal as onreëlmatige handeling gehanteer word.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (TEORIE)

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Intranet is 'n …

A netwerkstelsel.
B privaatmaatskappynetwerk.
C liasseerstelsel.
D privaatmaatskappynetwerk, insluitende eksterne gebruikers.

1.2 Watter stelling oor LAG is korrek?

A Dit word die hoofgeheue genoem.
B Dit is 'n vlugtige geheue.
C Dit bevat data wat nie verander kan word nie.
D Dit is die tuiste van die silikonskyfie.

1.3 Die spoed van die sentraleverwerkingseenheid word in … gemeet.

A gigagrepe
B grepe
C kilogrepe
D megahertz

1.4 Die knoppie aan die regterkant van die muis word gebruik om …

A 'n kortpadkieslys te vertoon.
B 'n opsie te selekteer.
C vetdruk te selekteer.
D 'n nutsbalk in te voeg.

1.5 Die volgende randtoestelle kan as sowel 'n toevoer- as 'n afvoertoestel geklassifiseer word:

A Luidspreker
B Laserdrukker
C Visuelevertooneenheid
D Stipper ('plotter')

1.6 Watter EEN van die volgende is 'n geldige en meer presiese stelling?

A 1 KB = 1 024 grepe
B 1 MB = 1 024 kilogrepe
C 1 KB = 1 000 kilogrepe
D 1 MB = 1 000 kilogrepe

Kopiereg voorbehou

1.7 … is 'n geordende versameling van verwante inligting of data.

A 'n Sigblad ('spreadsheet')
B 'n Databasis
C Rye
D 'n E-pos

1.8 Watter van die volgende is NIE 'n mobiele toepassing nie?

A iBook
B WhatsApp
C Maps
D YouTube

1.9 'n Hardewarestasieraam en stel elektriese verbindingskoppelvlakke wat 'n skootrekenaar in staat stel om effektief as lessenaarrekenaar gebruik te word:

A Koppelstasie
B OKT
C Firewire-verbinding
D Ethernet-verbinding

1.10 Watter van die volgende stoortoestelle kan 'n maksimum hoeveelheid data stoor?

A Hardeskyf
B Slapskyf
C Kompakskyf
D Magneto-optiese skyf

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 'n Eindgebruikerslisensieooreenkoms is 'n wettige kontrak tussen 'n ondernemer en die groothandelaar van die sagteware.

2.2 Wanneer jy op 'n werkskermikoon dubbelklik, maak dit die item wat dit voorstel oop of begin die item.

2.3 Groter kommersiële rekenaars word notaboekrekenaars genoem.

2.4 'n Proefweergawe is 'n program met kopiereg, maar die skepper daarvan bied dit aan enigiemand aan om te kopieer en op die proef te stel.

2.5 Een voorbeeld van wysigersleutels is Alt.

(5 × 2) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n woord/item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	'n Wysertoestel wat in plaas van die sleutelbord gebruik kan word om die merker te beweeg	A	defragmentering
		B	WAN
3.2	Die voorbereiding van die hardeskyf in 'n formaat wat Windows in staat stel om data daarop te skryf en daarvan te herwin	C	muis
		D	Trojaanse perd
3.3	'n Oudiotoevoertoestel wat musiek- en stemtoevoer na 'n rekenaar toe opneem	E	modem
		F	mobiele toepassing
3.4	Beskerm die gebruiker teen 'n onverwagse kragonderbreking	G	relatiewe formatering
3.5	Die proses waarvolgens gedeeltes van 'n lêer na aangrensende sektore op 'n hardeskyf herskryf word ten einde die spoed van toegang en herwinning te verhoog	H	plagiaat
		I	ononderbroke kragtoevoer
3.6	'n Rekenaarnetwerk wat rekenaars oor 'n wye geografiese gebied direk verbind	J	partisionering
		K	mikrofoon
3.7	'n Sagtewaretoepassing wat ontwerp is om op slimfone gebruik te word	L	lêertoekenningstabel
3.8	'n Toestel wat aan 'n rekenaar en 'n telefoonlyn verbind word	M	fisiese formatering
3.9	Word verdoesel in rekenaarprogramme wat legitiem lyk, byvoorbeeld in rekenaarspeletjies en nutsprogramme		
3.10	Om iemand anders se idees of inligting te neem en as jou eie voor te hou		

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf net die woord(e) langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 'n … is die permanente stoorplek van 'n rekenaar.

4.2 'n Matriksdrukker is 'n voorbeeld van 'n … .

4.3 'n Klein verwyderbare stoormedium wat saam met digitale kameras gebruik word, in die hand gehou kan word en 'n mobiele rekenaar is waarop teks, foto's, klank en video's gestoor kan word, word 'n … genoem.

4.4 'n …program word gebruik om letters te tik.

4.5 … het betrekking op die maksimum breedte van 'n papier wat gebruik kan word.

4.6 'n … word gebruik om die rekenaar aan 'n telefoonlyn te verbind ten einde internettoegang te bewerkstellig.

4.7 … is 'n verskynsel waarvolgens gedeeltes van 'n lêer oral oor die skyf versprei word.

4.8 'n Miljardgreep staan in rekenaarterme as 'n … bekend.

4.9 Die …tegnologie sit die telefoonlyn, net voor dit jou huis binnekom, in toegangsbane vir multimedia en hoëspoedkommunikasie om.

4.10 Die … is 'n substelsel van die internet.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 5

5.1 Baie rekenaargebruikers stoor hul data aanlyn.

Dui VIER voordele van aanlyn lêerstoor aan. (4 × 2) (8)

5.2 Die kompakskyf en die digitale veelsydige disket is optiese skywe wat lasertegnologie gebruik.

Beskryf VYF maniere waarop jy optiese skywe kan hanteer en versorg. (5 × 2) (10)

5.3 Gee VIER kenmerke van nie-impakdrukkers. (4 × 2) (8)


5.4 Noem enige VIER soorte aanlyn sagteware. (4)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Beantwoord VRAAG 6.1.1 tot 6.1.4 met behulp van die tabel in die ANTWOORDBOEK.



6.1.1 Wat is die vouernaam vir hierdie beeld ('view')? (1 × 2) (2)

6.1.2 Hoeveel lêers is in April 2018 geskep? (1 × 2) (2)

6.1.3 Dui die grootste lêer in hierdie beeld aan en wanneer dit gewysig is. (2 × 2) (4)

6.1.4 Skryf die lêeruitgange van die volgende lêers neer:

A Learner Information 2018

B MoU Lecturer Dev.

C Letter of commitment 2018 word

(3 × 2) (6)

6.2 Verduidelik die term *programroof*. (2)

[16]

VRAAG 7

7.1	Beskryf TWEE eienskappe van 'n universele seriebus.		(2)
7.2	Gee VIER situasies waarin jy rekenaargebaseerde stelsels in jou alledaagse lewe kan teëkom.	(4 × 1)	(4)
7.3	Gee voorbeelde van ingebedde rekenaars.	(2 × 2)	(4)
7.4	Wat is die verskil tussen 'n *internet* en 'n *intranet*?	(2 × 2)	(4)
			[14]

TOTAAL AFDELING A: 100

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: PRAKTIES

VRAAG 8

Plaasstalle op die Voorgrond

Diegene wat graag deur die droë ruimtes van Suid-Afrika se hartland op reis gaan, moet weet waar die volgende oase geleë is. Ons stel die klassieke Karoo-plaasstal bekend.

Die Karoo is 'n halfwoestynstreek in Suid-Afrika en beslaan 40% van die landmassa van dié land. Dit omsluit omtrent 100 groot en klein dorpe en is die tuiste van minder as 'n miljoen mense. Daar is lang stukke pad tussen die nedersettings. 'n Reisiger is by tye so heerlik alleen en afgesonder te midde van die uitgestrekte landskap met sy oop lug en wyehoekhorisonne dat dit kan voel of hy/sy die enigste oorlewende in 'n droë, ná-apokaliptiese wêreld is.

As jy egter honger of dors word of die toilet benodig, is dit 'n minder romantiese voorstelling.

Die oplossing hiervoor is die dosyne kleurryke klein padstalletjies wat tussen die dorpe versprei is, gewoonlik op 'n stukkie plaasgrond langs die pad, oor die Oos- en Noord-Kaap heen.

Enige plaasstal wat die naam werd is, het sy eie spesialiteitsvoedselitem wat van die een of ander geheime resep gemaak word. Dit kan biltong, 'n geurige pastei, tuisgemaakte nougat of 'n bottel iets met 'n treffende naam wees om jou te herinner aan die klein plekkie waar jy dit gekoop het sodra jy weer terug by die huis is.

Wanneer jy by 'n Karoo-plaasstal instap, kry jy 'n voorsmakie van die plaaslike lewe. Daar word 'n verskeidenheid konfyt, droëvleisprodukte, etes en wegneemetes aangebied – meestal deur die boervroue self berei.

Die rakke kreun gewoonlik ook onder allerhande streeksprodukte, handewerk en boeke, wat alles ideale geskenke en aandenkings is van jou reis deur die wêreld se vriendelikste woestyn.

Hier is 10 Karoo-plaasstalle waarby jy gerus kan aandoen:

Milk and Honey-plaasstal
Daggaboerplaasstal
Karoo Roos-plaasstal
Jagpoortplaasstal
Oppi-Vlak-plaasstal
Thamelaplaasstal
Ark in the Karoo-plaasstal
Oma Miemie se plaasstal
Die Pienk-plaasstal
Tankwaplaasstal

8.1 Maak die dokument oop en stoor dit as 'VRAAG 8'. Voeg jou EKSAMENNOMMER aan die linkerkant en VRAAG 8 aan die regterkant as kopreël in en stoor dit as 'VRAAG 8A'. (2)

8.2 Verander die voorkoms van die hoofopskrif na bokas en voeg of pas jou eie woordkuns in. (3)

Kopiereg voorbehou

8.3 Verander die eerste letter in paragraaf 2 na 'n hanghoofletter. (3)

8.4 Verander paragraaf 4, 5 en 6 na DRIE kolomme, met 'n lyn tussen elke kolom. (5)

8.5 Verander die voorkoms van paragraaf 7 na vetdruk, skuinsdruk en onderstreep en sentreer dit. (4)

8.6 Voeg nommers langs die lys plaasstalletjies in. (2)

8.7 Stoor die dokument en druk dit. (1)
[20]

VRAAG 9

SIGBLAD

9.1 Skep die volgende dokument in die sigbladprogram. Gebruik die presiese selverwysings wat aangedui word. (5)

	A	B	C
1	EXTREME MAIZE DISTRIBUTORS		
2			
3	INKOMSTE		2018/08/01
4			
5	PRODUKTE	VERPAKKINGS EENHEID (KG)	KOSPRYS PER KG
6			
7	ACE	10	15,50
8	BLUE BIRD	12,5	4,00
9	BOKOMO	12,5	4,50
10	GOLDEN CLOUD	50	6,50
11	IMPALA	10	13,00
12	IWISA	80	5,00
13	SASKO	80	1,50
14	SNOWFLAKE	80	1,20
15	TOTAAL		

9.2 Voeg jou eksamennommer en 'Vraag 9A' aan die regterkant as 'n kopreël in. (1)

9.3 Verstel die kolom sodat al die data inpas, soos aangedui word. (2)

9.4 Stoor die dokument as 'VRAAG 9A'.

9.5 Druk die dokument op 'n A4 in portretformaat, met ry- en kolomopskrifte maar sonder roosterlyne. (2)
[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9B

9.6 Herwin die dokument genaamd 'VRAAG 9A' en stoor dit dadelik as 'VRAAG 9B'. Verander ook 'Vraag 9A' na 'Vraag 9B'.

	A	B	C	D	E	F	G	H	I
1	EXTREME MAIZE DISTRIBUTORS								
2									
3	INKOMSTE		2018/08/01						
4									
5	PRODUKTE	VERPAKKINGS EENHEID (KG)	KOSPRYS PER KG	KOSPRYS PER EENHEID	VERKOOPS PRYS	BEGIN VOOR RAAD	VOORRAAD VOORHANDE	INKOMSTE	% VAN INKOMSTE
6	ACE	10	15,50	**A**	**B**	37	17	**C**	**E**
7	BLUE BIRD	12,5	4,00			39	19		
8	BOKOMO	12,5	4,50			30	10		
9	GOLDEN CL	50	6,50			35	15		
10	IMPALA	10	13,00			36	16		
11	IWISA	80	5,00			33	13		
12	SASKO	80	1,50			42	20		
13	SNOWFLAK	80	1,20			40	10		
14	TOTAAL							**D**	

(1)

9.7 Voeg die kolomopskrifte in soos dit in die diagram verskyn asook al die nommers wat in die kolom, 'Beginvoorraad' en 'Voorraad voorhande' verskyn. (4)

9.8 Verander die formaat van die opskrifte in A1 na Bernard MT Condensed 20 pt en voeg sel A1 tot I1 saam en sentreer dit. (4)

9.9 Verander die voorkoms van die kolomopskrifte na vetdruk en pas 'n ligte skakering van jou keuse daarop toe. (4)

9.10 Gee die formules en/of funksie vir die selle wat met 'n letter van die alfabet gemerk is. Gebruik selverwysings en absolute adresse, waar toepaslik.

A KOSTE PER EENHEID = Verpakkingseenheid vermenigvuldig met kosprys per kg (2)

B VERKOOPSPRYS = 10% van die kosprys per kg (2)

C INKOMSTE = Beginvoorraad minus voorraad voorhande vermenigvuldig met verkoopsprys (2)

D TOTAAL = Totale som van die INKOMSTE (2)

D % van INKOMSTE = Bereken die persentasie van die inkomste. (3)

9.11 Vertoon al die syfers wat geld voorstel met 'n R-teken en twee (2) desimale plekke. (2)

9.12 Voeg horisontale en vertikale lyne in met behulp van 'n metodes waarmee jy vertroud is. (2)

9.13 Druk die dokument op 'n A4-bladsy in landskapformaat, sonder ry- en kolomopskrifte en roosterlyne. (2)

[30]

VRAAG 9C

9.14 Herwin die dokument genaamd 'VRAAG 9B' en stoor dit dadelik is 'VRAAG 9C'.

9.15 Voeg 'n 2D sirkelgrafiek met verpakkingseenhede en produkte in. (2)

9.16 Die legende moet aan die regterkant vertoon word. Voeg die data-etiketbeskrywing ('callout') in. (3)

9.17 Die volgende moet in die grafiektitel vertoon word:

VERPAKKINGSEENHEID
Jou EKSAMENNOMMER
VRAAG 9C (3)

9.18 Druk die grafiek op 'n aparte bladsy. (2)

[10]

VRAAG 10

DATABASIS

10.1 Maak die databasisprogram oop, skep 'n databasis genaamd 'VERSPREIDING' en voeg jou EKSAMENNOMMER in.

10.2 Skep die volgende velde:

VELD	INLIGTING
PRODUKTE	30 karakters
VERKOOPSPRYS	Geldeenheid (hoogstens R12 599.99)
INKOMSTE	Geldeenheid (hoogstens R12 599.99)
DATUM VERKOOP	In die formaat DD/MM/JJJJ
AANTAL VERKOOP	Lang heelgetal
EKSAMENNR.	13 karakters
VRAAG 10	10 karakters

10.3 Sleutel die volgende rekords in en stoor die tabel as 'Produksie'.
Druk die tabel op 'n A4-bladsy in landskapformaat. **[10]**

PRODUKTE	VERKOOPS-PRYS	INKOMSTE	DATUM VERKOOP	AANTAL VERKOOP	EKSAMEN-NOMMER	VRAAG 10
ACE	R170.50	R3 410.00	2018/05/02	37	JOU EKSAMENNR.	VRAAG 10
BLUE BIRD	R55.00	R1 100.00	2018/08/09	39	JOU EKSAMENNR.	VRAAG 10
BOKOMO	R61.50	R1 237.50	2018/07/29	30	JOU EKSAMENNR.	VRAAG 10
GOLDEN CLOUD	R357.50	R7 150.00	2018/08/24	35	JOU EKSAMENNR.	VRAAG 10
IMPALA	R143.00	R2 860.00	2018/08/14	36	JOU EKSAMENNR.	VRAAG 10
IWISA	R440.00	R8 800.00	2018/06/06	33	JOU EKSAMENNR.	VRAAG 10
SASKO	R132.00	R2 904.00	2018/08/31	42	JOU EKSAMENNR.	VRAAG 10
SNOWFLAKE	R105.60	R3 168.00	2018/07/30	40	JOU EKSAMENNR.	VRAAG 10

10.4 Druk 'n struktuur van die tabel hier bo in portretformaat. **[10]**

10.5 Skep 'n verslag en gebruik die volgende opskrifte daarvoor:

PRODUKTE	INKOMSTE	DATUM VERKOOP

(3)

10.6 Sorteer die data in stygende volgorde volgens die inkomste. (2)

10.7 Die titel van die verslag moet 'EKSAMENNR. VRAAG 10 VERSLAG' wees. (3)

10.8 Druk die verslag op 'n A4-bladsy in portretformaat. (2)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou